# Linde-nuus

Nuusbrief nr 34 van die Lindebond September 2005

# 'n Fees om na uit te sien . . .

**Die volgende Linde-familiefees word oor die naweek van 23 - 25 September 2005 in Brandfort gehou. Al die Lindes is daar baie welkom!**

Annatjie Fourie is ondervoorsitter van die bestuur van die Lindebond en was voorsitter van die reëlingskomitee van die vorige fees in 2002 in Bloemfontein. Op 'n dag bel sy en vra of dit dan nie weer tyd is vir 'n fees nie. Sy sal haar komitee raadpleeg en weer praat . . .

'n Paar dae later is die saak beklink. Die Vrystaters het baie lus vir fees hou. En toe begin die reëlings. Dis lekker om 'n span ywerige Lindes daar in die Vrystaat te hê wat altyd reg is vir makietie hou.

***Brandfort hierdie keer***

Die fees word hierdie keer in Brandfort gehou. Die geriewe van die Emily Hobhouse-koshuis van die Hoërskool Staatspresident Swart word daarvoor gebruik. Mense wat fees toe kom, kan in die koshuis self tuisgaan (die adres is Kightleystraat 68, Brandfort) of van ander blyplek gebruik maak.

Die aksie begin op Vrydagaand en die fees sluit Sondag teen middag af. Daar sal genoeg kans wees vir lekker gesels, eet en drink, besienswaardighede besoek en erediens hou Sondag.

***So lyk die program***

**VRYDAG, 23 SEPTEMBER**

16:00 Aankoms en registrasie
18:00 Ligte aandete en kenmekaar

**SATERDAG, 24 SEPTEMBER**

08:00 Aankoms en registrasie
10:00 Opening en verwelkoming
10:30 Midontbyt
12:00 Besoek Lindegrafte in die begraafplaas en die geskiedkundige plaas Schanskraal
16:00 Middagkoffie



*Annatjie Fourie, voorsitter van die reëlingskomitee, in druk gesprek met Hannes Linde, erepresident, tydens die vorige Lindefees in 2002 in Bloemfontein..*

16:30 Lindebond-sake
17:00 Kontantkroeg en spitbraai
20:00 Dans en gesellige saamwees

**SONDAG, 25 SEPTEMBER**

07:00 Koffie en beskuit
09:30 Erediens
10:30 Bedankings
11:00 Afskeidstee

Die koste is baie billik. As jy die hele fees bywoon, sal dit jou R120 per persoon kos, en dit sluit koshuisverblyf en alle etes en verversings in (behalwe die kontantkroeg Saterdag). Diegene wat net een of twee dae daar sal wees, betaal natuurlik minder.

As jy nog nie van jou laat hoor het nie, moet jy dadelik kontak maak. Gebruik die besonderhede wat hieronder verskyn. Kom vir seker!

***<u>Lindefees</u>: 23 - 25 September 2005 in Brandfort. Bespreek nou by Piet Coetzer, faks 051 447 2145 of e-pos daf@ngkerkovs.co.za of bel Alta Louw (082 696 3227) of Cornia Billet (083 645 5437) of Debya Vermeulen (083 287 7430). Sien jou daar!***

## Onthou die ledegeld


Ledegeld is nodig om die nuusbrief en ander sake van die Lindebond aan die gang te hou. Almal moet hulle deel doen.

- Dit beloop R40.00 per jaar.
- R60.00 werk vir twee jaar.
- R600.00 hou lewenslank.

As daar 'n geel vel by jou nuusbrief ingesluit word, is dit tyd dat jy betaal.

Die vel vertel van die maniere waarop jy kan kies om te betaal. Kies wat vir jou die maklikste is – en doen jou ding.

Gebruik asseblief die geadresseerde koevert wat ingesluit word. En: skryf sommer vir my 'n briefie ook om te vertel hoe dit met julle gaan. Ek soek nuus vir die volgende uitgawe!



## *Papierkopieë van die geslagsregister*

Die twee boeke met die geslagsregister van die Lindes is nie meer in druk beskikbaar nie. Die gegewens is wel op rekenaar en word algaande bygewerk.

- As jy 'n epos-adres het en die geslagsregister wil hê, vra dit aan by hansusan@mweb.co.za. Dis gratis en verniet.
- As jy dit op papier wil ontvang, bestel dit teen R25.00 per eksemplaar. Dis eintlik ook gratis en verniet, die bedrag dek net die werklike koste. Gebruik sommer die ingeslote koevert om jou bestelling te pos.
- Daar sal by die Lindefees 'n aantal eksemplare van die jongste weergawe van die geslagsregister vir R25.00 te koop wees. Kry jou nuutste eksemplaar sommer daar.

## *Preek vir die lekker daarvan . . .*

Ek loop vir ds Jannie Linde en sy vrou Margaret en hulle dogter Nilanie in 'n winkelsentrum raak. Jannie kom uit die Louis Jonasgroep van Swellendamse Lindes. Sy rympie lees b1c3d3e1d3f2g1h4. Hy was NG predikant in Goedvertrou, Caledon en Tygerberg tot met sy aftrede in 1991. Hy is 74 en hulle woon tans in 'n aftree-oord in Brackenfell.

Dit gaan goed met hulle, sê Jannie. Drie van hulle vier dogters woon binne stapafstand van hulle af. En dit bring groot vreugde. Hy preek nog in dienste by die aftreeoord, en "daarvoor wil ek geen betaling hê nie" verklaar hy ferm.

Ek vra sy posadres. Ek wil seker maak dat hulle die nuusbrief kry. Hy gee dit met bietjie voorbehoud. "Jy moenie met my kom lol met korrespondensie en reünies en sulke goed nie!" Ek vertel van die Lindefees maar stel hom gerus. Hy hoef dit nie by te woon nie.

Nou sal ek maar met sy vrou of een van sy dogters moet onderhandel om hulle gegewens in die geslagsregister op datum te kry . . .

## *Anton Linde sterf in 'n ongeluk*

**Die gemeenskap van Caledon en die Linde-familie is onlangs geskok deur die tragiese dood van Anton Linde, vooruitstrewende boer van die plaas Eureka.**

Anton is op 9 Augustus gedood toe die trekker waarop hy terreindiens by die Hoërskool Overberg gedoen het, op 'n skuinste omgeval en op hom beland het. Sy seun Tonie, wat vanjaar hoofseun by dié hoërskool is, was met die ongeluk op die terrein teenwoordig.

Anton (sy volle name is Theunis Lodewyk, b1c3d1e8f7g4h3) was die oudste seun van Tonie en Koba Linde van Voorrechtsvlei in Swellendam se distrik. Tonie het 'n leidende rol gespeel in die Lindefees wat in 1980 in Swellendam gehou is. Hy is in 1985 oorlede.

Anton was 46 jaar oud ten tyde van die ongeluk. Hy word oorleef deur sy vrou Arina en vier kinders, een seun en drie dogters.

Tonie is die oudste kind en het dieselfde name as sy oupa en sy pa. Hy dra die noemnaam van sy oupa. Hy het twee weke na sy pa se dood 18 geword. Hy is 'n staatmakerleerling aan die Hoërskool Overberg en vanjaar ook hoofseun.

Dourina heet na haar ouma Beukes en is 15 jaar oud. Anri is twaalf jaar oud en Jacolé tien.

### *Groot meelewing*

Die roudiens vir Anton is onder blyke van groot belangstelling en meelewing op 15 Augustus in die NG Kerk Caledon gehou.

Namens die breër Linde-familie dra ons hiermee ons opregte meegevoel aan Arina en die kinders oor. Mag die Here julle ryklik seën en vertroos. Ons bid vir julle.

## *Adresse gee baie probleme*

Dit is 'n groot en haas onbegonne taak om 'n adreslys soos dié van die nuusbrief korrek en op datum te hou. Na die pos van elke uitgawe kom daar 'n aantal briewe terug omdat adresse wat vroeër gewerk het, net nie meer geldig is nie. En om die nuutste adres dan te vind, is net nie moontlik nie.

Met die laaste rondte het selfs die pos van twee lewenslede ook teruggekom. Die belangrikste rede is die feit dat lesers nie daaraan dink om ook aan Lindenuus kennis te gee van adresveranderings nie.

Hiermee 'n vriendelike en tog dringende versoek: Laat asseblief weet as jy van adres verander. Dit is die enigste manier om te verseker dat ons kontak behou. Dit is net te duur om agter mense aan te bel. Help asseblief!

# Van heinde en ver . . .

### 'n Linde wat kan "wag"?

Engela Linde van Pretoria laat weet dat 'n swart vroueklerk in 'n winkel onlangs vir haar gevra het of sy weet dat "linde" in Zulu "wag" - "wait" in Engels - beteken.

Haar reaksie? Die Lindes het Duitse bloed en dit akkordeer nie so goed met 'n gewagtery nie!

Heeltemal reg, Engela. Maar ons oefen hard om soos gewone mense op te tree!

### Genealoë sit orent . . .

Engela vertel in 'n ander e-pos dat sy deesdae moeite doen om haar Van Rooyen-afstamming na te vors. Ek is dankbaar dat die familiekoors jou ook beetgekry het, Engela. Dit is tog 'n sinvolle manier om jou eie omstandighede beter te verstaan.

Sy het met die hulp van 'n behoorlike navorser die verbysterende ontdekking gedoen dat sy 'n tot nog toe onbekende Van Rooyen-stamvader het. Nie die alombekende Cornelis van Gorkum nie. Selfs die genealoë sit regop, vertel sy.

Engela, sterkte met die navorsing. Ek hoop regtig julle kry die regte stamvader. Dit moet erg wees om te ontdek dat jy dalk geen regtige stamvader het nie!

Baie dankie, Engela, vir die bygewerkte gegewens oor julle eie "selletjie" wat jy aangestuur het. Dit maak klaar deel uit van die Linde-register. Jammer dat die inligting 'n paar maande gelede iewers soek geraak het. Dis beslis my skuld! Ek vra om verskoning.

### 'n Vervelige ou lot?

Ek kry 'n brief van Lynn Blunden van Eldoraigne, Pretoria. Sy sê daar was nie 'n geel vel by haar nuusbrief ingesluit nie, maar sy voel sommer aan dat dit tyd is om weer ledegeld te betaal. Baie dankie, Lynn. Jy is 'n voorslag.

Haar name is Lynette Roline en sy is van die Vryburgse Lindes. Haar pa se naam was Frederick Jacobus en haar rympie lees b1c3d1e10f3g1h2. Haar pa was dus 'n neef van Jurie Vryburg wat onlangs tragies oorlede is.

Lynn het baie moeite gedoen en stuur vir my heelwat besonderhede aan oor haar man Chris en haar kinders Michael Lloyd (gebore in 1990) en Rochelle Ann (gebore in 1992). Sy vra dat haar kinders se name in die geslagsregister opgeneem word, al is hulle van nie Linde nie.

Dis reg so, Lynn. Ek het hulle name ingevoeg. Ons maak deesdae so dat die kinders van 'n ma wie se nooiensvan Linde was, ook in die register opgeneem word. Wanneer hulle eendag trou en kinders het, sal die gegewens egter nie opgeneem word nie.

Dan vertel sy ook van haar broer, Maartin die tandarts, se kinders en eerste kleinkind Nathan Tristan (seun van Ruann) wat op 11 Junie 2005 gebore is. Ons kort nog net gegewens oor Ruann se troue en sy wederhelf, dan is die inligting vollediger.

Lynn sluit haar brief deur te sê dat hulle maar 'n vervelige lot is, daar is min interessante nuus. A nee a, dit wat jy vertel het, Lynn, wys dat julle woel en werskaf om van die aarde 'n beter plek te maak!

# Só ry 'n mens 'n stoel

Ek kry 'n interessante e-pos van Bets Linde. Sy is getroud met Piet Linde ('n Pietersdaler met rympie b5c9d15e7f2). Hulle woon tans in Pentagonpark, Bloemfontein.

Bets stuur heelwat besonderhede oor Piet en die twee kinders Bennie en Michéle. Baie dankie, Bets. Dit is reeds in die geslagsregister opgeneem.

### *Was dit Petrus of Pieter?*

Bets vertel dat haar man Piet die eerste in hulle geslagslinie is (sover hulle weet) wat die name Pieter Albertus gekry het, en nie Petrus Albertus soos dié van die "stamvader" van die Pietersdalers en ander nie.

Die rede daarvoor is dat sy pa Ben by die registrasie van die seuntjie se name in 1933 onder die indruk was dat sy pa (die oupa van die baba) Pieter Albertus was en nie Petrus Albertus nie.

Piet se seun Bennie het sy seuntjie in 1988 ook die name Pieter Albertus gegee - die tweede een in daardie lyn.

So gaan dit as 'n mens op jou geheue probeer staatmaak . . .

### *Die presidentstoel gery*

Bets vertel Piet was hoofsaaklik in die SA Lugmag en hy het in 1992 afgetree. Sy voorliefde vir motorfietse en die (harde?) ry daarvan het amok gemaak in die jare vyftig en nog lank daarna.

Verder was Piet 'n grootkaliberskut en hy het in 1969 Vrystaat- en SA Weermagkleure ontvang. In 1973 het hy die presidentstoel gery by die Hamilton-Skietbaan in Bloemfontein.

Toe doen ek navraag by Bets. Ons gewone ouens verstaan nie hoe daardie stoel gery word nie. Sy laat weet: Daar is 'n jaarlikse internasionale skyfskietkompetisie. Die wenner verower die Staatspresidentstrofee en word van die wenpunt af vir 'n hele duisend meter met orkesbegeleiding skouerhoog deur medeskuts na die klubhuis gedra op 'n spesiale stoel wat plaatjies met die wenners se name en jaartalle bevat. Bid jou dit aan . . .

### *Lugvaart-tradisie*


Bets laat weet dat albei kinders in die lugvaartspore van hulle pa volg. Bennie is boordtegnikus op die bekende "Rooivalk"-helikopters in Bloemfontein en Michéle (ná haar BSc-studie by die Universiteit Stellenbosch) lugwaardin in Kaapstad.

## *Linde-nuus se adres!*

***As jy met Linde-nuus wil kontak maak, kan jy dit op een van die volgende maniere doen:***

- *Skryf aan: Linde-Nuusbrief, Posbus 576, Wellington 7654*
- *E-pos aan: hansusan@mweb.co.za*
- *Bel my by: 021 873 2359 (tuis) of 083 282 6938 (nuut)*

***Daar is 'n geadresseerde koevert by elke nuusbrief ingesluit. Gebruik dit om ledegeld, nuus en/of 'n foto aan te stuur. Vertel iets van jouself en van jou mense. Help my om die nuusbrief so interessant as moontlik te maak.***



## 20ste lewenslid!

Die twintigste lewenslid het pas by die Lindebond aangesluit. Hy is Derik Linde, 'n Swellendammer wat in Benoni bly. Hy is 'n seun van Johann Linde, bestuurslid van die bond. Welkom Derik!

Van die ander negentien is die volgende nog in lewe:

- Wilhelm Linde, vroeër van Nuy
- Marthie Linde van Theunissen
- Louis Linde van Glenstantia
- Org Combrink van Middelburg
- Boetie Linde van Swellendam
- Nic Linde van Villiers
- Sunette Botha van Horison
- Nico Linde van Welkom
- Marjorie Kruger van Randhart
- Pierre Linde van Hatfield
- Elsie Fourie van Bloemfontein
- Annatjie Fourie, Verkeerdevlei
- Bart Linde van Frankfort
- Louw Linde van Reitz
- Louise Coetzer, Bloemfontein
- Hans Linde van Wellington
- Hannes Linde, Weltevredenpark

**Word lewenslid deur 'n eenmalige donasie van R600.00 te gee. Lewenslede betaal vir die res van hulle lewe geen ledegeld nie.**

# Gedenksteen vir ons stamvader


Die stamvader van al die Afrikaanse Lindes in Suid-Afrika is Hans Jürgen Linde wat in 1753 in die Kaap aangekom het. Hy het sedert ongeveer 1759 aan die Sonderend-rivier geboer en is waarskynlik in 1775 oorlede.

Waar is hy begrawe? Daar is geen graf wat sy naam dra nie. Dr Hannes Linde, ons erepresident en die opsteller van die oorspronklike stamregisters van die Lindes, het na jare se navorsing tot die gevolgtrekking gekom dat hy ook in die lang graf in die ou begraafplaas op die plaas Lindeshof buite Riviersonderend begrawe is.

Hannes het voorgestel dat 'n geskikte gedenksteen daar vir hom opgerig word. Die moontlikheid word tans ondersoek.

Die feesgangers by die eersvolgende Lindefees sal gevra word om die bewoording wat hier verskyn, te finaliseer.

Die geldsake van die Lindebond is in staat om 'n deel van die koste van die oprigting te dra (sien hieronder). Lindes wat graag 'n geldelike bydrae wil maak, moet asseblief van hulle laat hoor.



***Ter herinnering aan Hans Jürgen Linde, stamvader van die Lindes in Suid-Afrika, wat in 1753 uit Durlach, Duitsland in die Kaap aangekom het. Hy was wamaker en later landbouer in hierdie omgewing, getroud met Catharina Elisabeth Swart (weduwee Moleman) en die vader van ses kinders. Hy is oorlede omstreeks 1775 en waarskynlik hier begrawe. Ons eer sy nagedagtenis. Aan God die eer.***

# *Só lyk die bond se geldsake*

Dit is tradisie dat daar by elke familiefees verslag gedoen word oor die stand van die bond se geldsake. Die vorige verslag het inligting bevat tot 12 September 2002. Omdat almal daarby belang het, plaas ek 'n uittreksel uit die verslag tot 2 Augustus 2005 hier vir jou kennisname:

| | |
|---|---|
| **INKOMSTE** | **11,423.85** |
| **1. Saldo 12 Sep 2002** | **6,100.29** |
| **2. Ledegeld ontvang** | **4,920.00** |
| **3. Rente ontvang** | **403.56** |
| **UITGAWE** | **11,423.85** |
| **1. Koste 5 nuusbriewe** | **2,626.12** |
| **2. Bankkoste** | **85.60** |
| **3. Saldo 2 Aug 2005** | **8,712.13** |

'n Paar kantaantekeninge:

1. Die saldo van die fonds het in die afgelope drie jaar gegroei teen gemiddeld 12.62% - heelwat meer as wat inflasie tans is.
2. Die heersende rentekoerse is so laag dat rente tans amper nie eers genoeg is om net die bankkoste te dek nie.
3. Die nuusbriewe word uitgegee teen 'n gemiddelde koste van R525.00 per uitgawe. En dit sluit verpakking en posgeld in. As mens in gedagte hou dat ongeveer 170 eksemplare uitgestuur word, is die koste werklik baie laag.
4. In die afgelope drie jaar het vier nuwe lewenslede toegetree. Dit het 'n beduidende bydrae gelewer om die fonds te versterk.
5. Dit is noodsaaklik dat ledegeld so gereeld as moontlik deur soveel as moontlik Lindes betaal word om die Lindebond in staat te stel om sy werk te kan doen.

**Dankie aan almal wat getrou bydra! Komaan, die res van julle!**